GAUTENG DEPARTEMENT VAN ONDERWYS: DISTRIK D6 & D8

AFRIKAANS
EERSTE ADDISIONELE TAAL

VRAESTEL 1

GRAAD 11

MEMORANDUM

JUNIE 2017

TOTAAL: 80

Hierdie memorandum bestaan uit 14 bladsye.

AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP

ASSESSERINGSRIGLYNE

- Spelfoute in eenwoord-antwoorde word NIE gepenaliseer NIE, behalwe as die spelling die woordbetekenis verander.

- Penalisering geskied slegs as die spelling van die kernwoord die antwoord se betekenis verander.

- As ’n taalfout die betekenis van die antwoord verander, word geen punt toegeken nie.

- Indien ’n spelfout die betekenis van ’n eenwoord-antwoord verander, word geen punt toegeken nie.

- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.

- By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir JA/NEE//EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE//EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie.

- Vir vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word NIE GEPENALISEER indien die aanhalingstekens ontbreek NIE.

- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat gee ’n volsin, is dit korrek **MITS** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word. Die kandidaat kan ook die antwoord begin met: Die woord is ...

- By vrae wat een feit/punt of twee/drie feite/punte vereis en die kandidaat gee ’n hele reeks:
  - Sien SLEGS die vereiste feit(e)/punt(e) na.
  - Indien die feit(e)/punt(e) met merkers aangedui is, word die eerste antwoord(e) per merker nagesien.

- Indien ’n antwoord in meer as een sin aangebied word en die sin/sinne lei direk tot die antwoord, word die punt vir die korrekte feit toegeken.

- Indien die kandidaat woorde uit ’n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.

- Aanvaar dialektiese variasies.

- Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord aanvaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: ARTIKEL

NR.	ANTWOORD	PUNT	DENK-VLAK
1.1	Milleniumkinders ✓	(1)	1
1.2	Selfoon ✓ óf Rekenaar ✓ óf Televisie ✓ (Slegs een voorbeeld vir 'n punt)	(1)	1
1.3	*Dit beskerm hulle teen die embarassering van swak spelling.* ✓ óf Hulle kom in opstand (rebelleer) teen almal wat "stywe" / suiwer/korrekte Afrikaans gebruik/praat/skryf. ✓	(1)	1
1.4	Tyd ✓ en plek ✓	(2)	1
1.5	Dit gee hulle nuwe vryheid. ✓ óf Daar is minder reëls om te volg. ✓ óf Hulle hoef nie bekommerd te wees oor hoe om te spel nie. ✓ óf Hulle hoef nie bekommerd te wees oor hoe om te praat nie. ✓ Hulle hoef nie bekommerd te wees oor hoe om te skryf nie. ✓ óf Hulle kan skryf net soos hulle praat. ✓ (Of soortgelyke antwoord)	(1)	3
1.6	Hulle is oulik en wil in die mode wees.✓ óf Hulle is byderwets. ✓ óf Hulle doen iets wat almal goedkeur. ✓ óf Hulle is modern. ✓ óf Hulle is aantreklik. ✓ óf Hulle is deel van die in-groep. ✓ óf Hulle is bakgat. ✓ óf Hulle is vriendelik en maklik om mee te gesels. ✓ óf Dit is maklik om met hulle oor die weg te kom. ✓ (Of soortgelyke antwoord)	(1)	4
1.7	Kinders lees nie meer nie. ✓ óf Hulle steur hulle nie meer aan spelreëls nie. ✓ óf Hulle tegnologiese tydverdrywe het min taalvaardigheid nodig. ✓ (Enige 1)	(1)	1
1.8	Mens lees boeke in 'n ander taal om jou addisionele taal te verbeter. ✓ óf 'n Mens lees om jou taalvaardigheid in 'n ander taal te verbeter. ✓ óf Jy sal met ander mense kan kommunikeer/(anderstalige) TV-programme verstaan. ✓ (Of soortgelyke antwoord)	(1)	1

1.9	Dit beklemtoon die sin. ✓✓ óf Dit word in hoofletters geskryf. ✓✓ óf Dit skree die woorde uit. ✓✓ óf Dit wys dat die persoon kwaad is. ✓✓ (Of soortgelyke antwoord)		(1)	4
1.10	1.10.1	onwaar	(1)	
	1.10.2	*" … selfs ouer mense begin dit in hulle selfoonboodskappe gebruik."* ✓	(1)	(3)
1.11	Wanneer hulle begin werk. ✓ (Of soortgelyke antwoord)		(1)	1
1.12	Studente is so gewoond aan SMS-taal, hulle kan nie meer reg spel nie. ✓✓ óf Studente het hulself verkeerd geleer; daarom kan hulle nie meer spel nie. ✓✓ óf Studente lees nie baie nie; daarom kan hulle nie die regte spelling van woorde erken nie. ✓✓ óf SMS-taal het permanente skade gedoen. ✓✓ (Of soortgelyke antwoord)		(2)	4
1.13	SMS-taal ✓ óf Fonetiese taal ✓ óf Tienertaal ✓ óf Verkorte taal ✓ óf Afgekorte taal ✓ (Enige een)		(1)	3
1.14	Hulle het nooit reg leer spel nie. ✓✓ óf Hulle het in 'n gewoonte gekom om SMS-taal te gebruik en kan nie meer normaal spel nie. ✓✓ óf Dit is te maklik om SMS-taal te gebruik en nou kan hulle nie oorskakel na normale skryftaal nie. ✓✓ (Of soortgelyke antwoord)		(2)	3
1.15	Leerlinge lees minder en hulle kan nie die spelling van woorde herken nie. ✓ óf Hulle sien/aanvaar die SMS-taal as normale/korrekte taal. ✓		(1)	2
1.16	Nie almal kan SMS-taal verstaan nie en kan daarom afkortings verkeerd interpreteer. ✓✓ óf Baie min mense ken die afkortings / fonetiese spelling en kan glad nie die boodskap verstaan nie. ✓✓ (Of soortgelyke antwoord)		(2)	3

1.17	1.17.1	Letterlik ✓	(1)	4
	1.17.2	Die mense sit fisies met hulle duime en tik boodskappe vir andere. ✓ óf Die mense gesels, en flankeer en skinder deur vir ander mense te tik (met hulle duime). ✓ (Of soortgelyke antwoord)	(1)	3
1.18	Sodat daar nie 'n misverstand is wanneer gekommunikeer word		(1)	1
1.19	Sms-taal kan verantwoordelik gebruik word as dit nie jou taal			
	negatief beïnvloed nie.		(1)	1
1.20	gratis ✓		(1)	1
1.21	1.21.1	Denotatief ✓	(1)	4
	1.21.2	Letterlik ✓ / Hulle help mense (tuis of op die pad) ✓	(1)	3
1.22	motor en huis ✓		(1)	2
1.23	"app" / app ✓		(1)	1
1.24	C ✓ (net korrekte letter)		(1)	3
			[10]	

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING

INSTRUKSIES

ALGEMEEN

- Lees die hele opsomming om ’n geheelindruk te kry.
- Beplanning is nie nodig nie.
- Indien rofwerk/beplanning gedoen word, let op die volgende:
  - Indien die beplanning in potlood aangebied word, word dit as rofwerk beskou en die tweede aanbieding word nagesien.
  - Indien die eerste poging in pen aangebied word, word daardie poging as die finale antwoord beskou.
- Indien daar twee feite in een sin gegee word, word slegs die eerste feit nagesien. Die tweede feit word geïgnoreer.
- Indien daar twee sinne by een koeëlpunt gegee word, word slegs die eerste sin nagesien.
- Som die feite sovêr as moontlik in jou eie woorde op.
- Kandidate hoef nie ’n TITEL te verskaf nie.
- Indien afkortings in die opsomming voorkom, word elke afkorting volgens die getal woorde wat dit voorstel getel, byvoorbeeld, d.w.s. = 3 woorde.
- Indien die kandidaat die opsomming in paragraafvorm aanbied, word die eerste 7 sinne (eerste 75 woorde) van die paragraaf nagesien.

LET DAAROP DAT DIE OPSOMMING MEER AS EEN MOONTLIKHEID BINNE ’N PARAGRAAF BEVAT. DIE NASIENER MOET DUS NOUKEURIG LEES!

KEN DIE TAALPUNTE SÓ TOE VIR FEITE WAT NIE DIREKTE AANHALINGS IS NIE:
NB: Die hoofgedagte kan in ’n volsin of in ’n sinsnede aangebied word, SOLANK DIT SINVOL IS.

Punte
1–3 feite korrek–1 punt 4–5 feite korrek–2 punte 6–7 feite korrek–3 punte

KEN DIE TAALPUNTE SÓ TOE VIR DIREKTE AANHALINGS:
NB: Die hoofgedagte kan in ’n volsin of in ’n sinsnede aangebied word, SOLANK DIT SINVOL IS.

Punte
6–7 aanhalings – geen punte vir taal word toegeken nie 1–5 aanhalings – 1 punt vir taal word toegeken

AANBEVELING: SKRYF DIE PUNTE SOOS VOLG NEER (horisontaal/vertikaal):

Feit	7
Taal	3
Totaal	10

LET WEL
Formaat:
- Selfs al word die opsomming in die verkeerde formaat aangebied, moet dit geassesseer word.
- Kandidate word nie gepenaliseer indien die opsomming in die verkeerde formaat aangebied is nie.

Kopiereg voorbehou

Woordtelling:
- Nasieners tel die getal woorde indien dit te lank lyk.
- Indien die kandidate se opsomming te lank is (meer as 70 woorde), word 5 ekstra woorde toegelaat en die res van die opsomming word nie nagesien nie.
- **Geen punte word afgetrek indien die kandidaat nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui nie.**

Indien die opsomming minder as die voorgeskrewe woorde bevat (minder as 70), maar dit bevat al die hoofgedagtes, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2: INSTRUKSIES

- Skryf SEWE wenke vir **gesonde eetgewoontes** neer.
- **Daar kom NEGE moontlike feite in die leesstuk voor.**
  (Die onderstreepte sinne kan direk aangehaal word.**)**

GOEIE EN GESONDE EETGEWOONTES.		
TEKS C		
Die teks soos in die vraestel		**Moontlike verwerking (Verskeie opsies van dieselfde wenk word by elk gegee.)**
1.	Ouers moet van 'n jong ouderdom gesonde eetgewoontes by kinders aanmoedig. Gesonde eetgewoontes en oefening kan vetsug in kinders en volwassenes voorkom. Hier volg 'n paar riglyne ten opsigte van gesonde eetgewoontes vir almal.	Geen wenke nie.
2.	Dit is belangrik om jou dag met 'n goeie ontbyt te begin. Studies toon dat mense wat ontbyt oorslaan, 'n 21% groter kans het om diabetes te ontwikkel.	Jy moet jou dag met 'n goeie ontbyt begin. / Eet 'n goeie ontbyt. / Moenie ontbyt oorslaan nie. *(Om diabetes te ontwikkel, is 'n moontlike gevolg en nie 'n wenk nie.)*
3.	Jy moet gereelde maaltye eet. Sodra jy maaltye oorslaan, kan jou bloedsuiker val wat veroorsaak dat jou produktiwiteit verminder.	Eet gereelde maaltye. *(Jou bloedsuiker wat val en produktiwiteit wat verminder, is 'n gevolg en nie 'n wenk nie.)*
4.	Korrekte porsiegroottes is baie belangrik. Indien jou porsies te groot of te klein is, is daar 'n wanbalans in jou energie en voedingswaarde wat jy inneem. Dit kan jou lewenskwaliteit negatief beïnvloed.	Onthou porsiegroottes. / Moenie te veel of te min eet nie. *(Wanbalans in energie en voedingswaarde en lewenskwaliteit wat beïnvloed word, is 'n moontlike gevolg en nie 'n wenk nie, maar wel 'n rede hoekom die korrekte porsiegroottes belangrik is.)*

Kopiereg voorbehou

5.	Die inname van verfynde stysel moet beperk word. Dit sluit happies soos pasteie, kitspap, beskuitjies, pasta, beskuit en koekies in.	Beperk jou inname van verfynde stysel.
6.	Jy moet elke dag vars groente en vrugte eet. Hierdie kosse bevat noodsaaklike vitamines, vesel en ook gesonde suiker wat belangrik vir ’n gesonde leefstyl is.	Eet elke dag vars groente en vrugte. *(Noodsaaklike vitamines, vesel en ook gesonde suiker wat belangrik vir ’n gesonde leefstyl is, is ’n nie ’n wenk nie. Dit gee wel ’n rede hoekom jy vars groente of vrugte moet eet.)*

7.	Drink genoeg water; 6–8 glase is ’n goeie riglyn. Daar is baie mense wat nie van water hou nie, maar mens kan aanleer om dit te drink.	Drink genoeg water. / Drink 6–8 glase water per dag. *(Jy kan aanleer om water te drink, is nie ’n wenk nie.)*
8.	Probeer om jou vetinname te beheer. Vet is belangrik vir jou dieet, maar te veel vet kan lei tot bloedvat- en hartsiektes.	Moenie te veel vet eet nie. / Beheer jou vetinname. *(Vet is belangrik en te veel vet lei bloedvat- en hartsiektes, is nie ’n wenk nie. Dit gee ’n rede hoekom vetinname beheer moet word.)*
9.	Eet meer vis. Vis is ryk aan omega 3-vetsure wat baie goed vir enige mens se gesondheid is.	Jy moet meer vis eet. / Vis ’n belangrik. / Vis is goed vir jou gesondheid *(Vis is ryk aan omega 3-vetsure is nie ’n wenk nie, maar ’n rede hoekom meer vis geëet moet word.)*
	[Verwerk: *Lig*. Julie 2013]	

AFDELING B: 10

AFDELING C: TAAL

ASSESSERINGSRIGLYNE

WOORD- EN SINSTRUKTURE

- Spelling moet korrek wees om punte te verdien.
- Die standaardvariant geld.
- Wanneer slegs een woord as antwoord gevra word, kry die kandidaat geen punte indien die opdrag nie uitgevoer is nie. (Kandidate moet nie die hele sin skryf nie, indien daar gevra word om net die woord te skryf.)
- Wanneer verlede tyd getoets word, **moet ge-** as **EEN WOORD** met die werkwoord geskryf word.
- Wanneer die infinitief getoets word, moet **te** in verbinding met die infinitief as **TWEE WOORDE** geskryf word.
- Verder tel spelling glad nie (**indien anders vereis word – veral met een woord antwoorde**) behalwe waar spelling getoets word.
-

- Taalfoute word gepenaliseer waar taalstrukture gevra word.
- Waar afkortings getoets word, moet die punktuasie ook korrek wees om 'n punt te verdien.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord aanvaar.
- Streekstaal kan nie in ag geneem word nie.
- Indien die opdrag lui dat die kandidaat die sin soos volg moet begin, hoef die **hele sin nie uitgeskryf te word nie**.
- LET WEL: Waar advertensie- en strokiesprenttegnieke gevra word, tel taal- en spelfoute nie, tensy dit die betekenis van die sin beïnvloed.
- **Indien die opdrag lui dat die kandidaat die sin moet oorskryf, moet die hele sin uitgeskryf word.**

VRAAG 3: ADVERTENSIE				
TEKS D				
NR.	**ANTWOORD**	**REDE**	**PUNT**	**DENK-VLAK**
3.1	... (Lancewood) kaas te koop. ✓ (Of soortgelyke antwoord)	Herkenning van asook die funksionaliteit en impak van manipulerende taal.	(1)	3
3.2	Ouers met jong kinders. ✓ óf Kinders wat wil hê ouers moet kaas koop. ✓ óf Skoolkoshuise ✓ óf Kinders wat sterk lyfies wil hê. ✓ (Of soortgelyke antwoord)	Analisering van die boodskap om sodoende die teikenmark te identifiseer.	(1)	3
3.3	Om op die emosie van die ouers/ kinders te speel om die kaas te koop. (Of soortgelyke antwoord)	Kennis van die funksionaliteit en impak van die gebruik van emosionele oorredende taal in advertensies.	(1)	3
3.4	Lekker kan ook voedsaam wees. ✓ óf Kieskeurig oor kaas. ✓	Die herken en uitken van die advertensieslagspreuk teenoor die maatskappy se leuse.	(1)	2
3.5	Die fokus van die advertensie is op jong kinders/klein kindertjies. ✓ (Of soortgelyke antwoord)	Om woordgebruik binne konteks en vir effek te herken en te verstaan.	(1)	(3)
3.6	Die advertensie speel op die emosie van die leser dat daar nie beter kaas vir kinders is nie. ✓ óf Die advertensie speel op die emosie van die leser dat die kaas gesond is. ✓ óf Die advertensie speel op die emosie van die leser dat die kaas uitstekend gemaak word. ✓ (Of soortgelyke antwoord)	Kennis van die funksionaliteit en impak van adjektiewe in advertensies.	(1)	3

3.7	Die hamburger en toebroodjie wys dat dit die kind sterk maak. ✓ óf Die seun se spiere word beklemtoon dat hy sterk is. ✓ óf Dit sluit by die trefwoorde van die advertensie (bou sterk lyfies in 'n japtrap) aan. ✓ óf Kaas word in hamburgers en toebroodjies gebruik om dit smaaklik / lekkerder te maak. ✓ (Of soortgelyke antwoord)	Kennis van die impak van die visuele en die oordra van die boodskap deur die visuele.	(1)	4
3.8	***Sjô*** verwys dat iets ongelooflik/ buitengewoon is.✓ óf ***Sjô*** word as 'n uitroep gebruik dat iets wonderlik is. ✓ (Of soortgelyke antwoord)	Kennis van die impak wat woorde op die oordra van die boodskap het.	(1)	3
3.9	As iemand wil wys dat hy sterk is, is dit gewoonlik die (liggaams) houding wat hy inneem. ✓ óf Hy wys dat hy sterk is. ✓ (of enige logiese antwoord)	Kennis van die impak van die visuele en die oordra van die boodskap deur die visuele.	(1)	(4)
3.10	Vinnig ✓ óf 'n Kort rukkie✓ óf Dit neem nie lank nie. ✓ óf Gou-gou ✓ (Of soortgelyke antwoord wat wys dat die kandidaat verstaan dat dit vinnig gebeur.)	Om manipulerende woordeskat binne konteks te verstaan en die betekenis van die woord te ken.	(1)	(1)
			[10]	

VRAAG 4: STROKIESPRENTE					
TEKS E: ROOI OOG, ANDY CAPP EN MEESTER					
NR.	**ANTWOORD**		**REDE**	**PUNT**	**DENK-VLAK**
4.1	Daar is niks in Doekvoet se kop nie. ✓ óf Doekvoet het nie 'n brein nie. ✓ óf Doekvoet is dom. ✓ óf Doekvoet se kop is leeg. ✓ (Of soortgelyke antwoord)		Begrip en verstaan van suggestie binne konteks.	(1)	3
4.2	Flo dink wie om te nooi. ✓ óf Flo wag vir 'n antwoord van haar man omdat sy nie weet wie om te nooi nie. ✓ (Of soortgelyke antwoord)		Kennis van funksionele gebruik van leestekens in 'n strokie.	(1)	3
4.3	Haar mond is getrek. ✓ óf Haar oë het 'n kwaai trek. ✓ óf Sy staan met haar arms gevou. ✓ óf Haar liggaamstaal/gesigsuitdrukking wys dat sy kwaad is. ✓ (Of soortgelyke antwoord)		Begrip en verstaan van visuele aanwysings/ riglyne van liggaamstaal.	(1)	3
4.4	Hy spreek die meneer direk aan. ✓ óf Die aanspreekvorm Meneer, is met 'n hoofletter geskryf. ✓ (Of soortgelyke antwoord)		Kritiese taalgebruik in visuele tekste.	(1)	3
4.5	Neelsie impliseer dat Meester/Meneer oud is. ✓ (Of soortgelyke antwoord)		Geïmpliseerde taalgebruik in visuele tekste	(1)	3
4.6	4.6.1	Denotatief ✓ óf Konnotatief ✓	Woordeskat en insig in die gebruik van figuurlike taal.	(1)	4
	4.6.2	Dit word letterlik bedoel (denotatief). ✓ óf Hy bedoel dat sy kinderdae lekker/ genotvol/opwindend/ens. Was (konnotatief). ✓ (Of soortgelyke antwoord)	Woordeskat en insig in die gebruik van uitdrukkings.	(1)	3
4.7	B ✓		Kennis van idiomatiese taal.	(1)	1

4.8	Die spraakborrel het sirkels na Neelsie toe wat beteken dat hy dink en nie praat nie. ✓ OF Hy druk sy vinger teen sy mond. ✓ (Of soortgelyke antwoord)	Begrip en verstaan van strokietegnieke.	(1)	3
4.9	Dit (sjoe en !) is ’n uitroep van verwondering. ✓ óf Dit (sjoe en !) is ’n uitroep van ongeloof/ verligting. ✓ óf Dit wys dat Rooi Oog verlig is (want Doekvoet se besering kon erger gewees het. ✓ (Of soortgelyke antwoord)	Funksionaliteit van emosionele uitdrukkings en leestekens.	(1)	3
			[10]	

VRAAG 5 : ARTIKEL EN PRENT				
5.1 ARTIKEL (TEKS F)				
Aanvaar eenwoord-antwoorde met 'n hoofletter of kleinletter.				
NR.	**ANTWOORD**	**REDE**	**PUNT**	**DENK-VLAK**
5.1.1	Suid-Afrikaanse ✓ (Koppelteken – anders geen punt nie.)	Woordeskat	(1)	1
5.1.2	Kinders is te vet OMDAT hulle daagliks tot drie ure voor die TV **deurbring.** ✓ (OMDAT – groep 3. Bring skuif na die end van die sin en deurbring word as 1 woord	Kennis van die indeling van voegwoorde in die korrekte groep.	(1)	2
5.1.3	Spekvet ✓ óf	Woordeskat	(1)	1
5.1.4	Negentien ✓ Neëntien (Indien lg. spelling gebruik word, moet die **ë** korrek wees.) ✓	Korrekte spelling.	(1)	1
5.1.5	Sokker **word** nog **deur** kinders **ge**speel. ✓ (Die hele sin moet korrek wees vir 'n punt.)	Gebruik aktiewe → passiewe vorm: teenwoordige tyd. V + **word** + **DEUR** + O + **GE**(ww)	(1)	2
5.1.6	Ryk**er** ✓ (Die woord moet korrek gespel word vir 'n punt.)	Woordeskat.	(1)	1
5.1.7	Aktie**wer** ✓ (Die woord moet korrek gespel word vir 'n punt.)	Gebruik van die vergrotende trap.	(1)	1
5.1.8	Kinders **sal** elke dag 'n uur se oefening **moet kry**. ✓ (Die hulpwerkwoord MOET in die korrekte	Gebruik van die toekomende tyd.	(1)	2
5.1.9	Kinders wil **NIE MEER** aan LO deelneem **nie**. ✓ (NOG – verander na **NIE MEER** met die dubbel **NIE** aan die einde van die sin vir 'n punt.)	Kennis en korrekte gebruik van die ontkennende vorm/ negatief.	(1)	1
5.1.10	Tieners **wou** minstens drie keer per week kitskos **eet/geëet het.** ✓ (Korrekte verandering van **wil** na **wou** in die meervoud. **geëet** het – opsioneel.)	Gebruik van die verlede tyd.	(1)	2

5.1.11	Gaskoeldrank ✓	Korrekte spelling	(1)	1
5.1.12	Lambert het gesê: "Ouers moet wakker skrik." ✓ (Korrekte gebruik van dubbelpunt en aanhalingstekens. Die sin en punktuasie moet korrek neergeskryf word vir 'n punt.)	Gebruik van die direkte rede.	(1)	2
5.1.13	Kinders behoort nie kitskos **te** eet nie. ✓ (Kennis dat na behoort nie **om te** volg nie. Sin moet korrek wees vir 'n	Korrekte toepassing van die infinitief.	(1)	2
5.1.14	Lambert vra hoekom kinders te min speel. ✓ (Kennis dat indien 'n vraagwoord, in die geval **hoekom**, gebruik word, word **of** nie gebruik nie. Die hoofwerkwoord, **speel**, skuif na die end van die sin) Sin moet korrek oorgeskryf word vir 'n	Gebruik van die indirekte rede.	(1)	2
			[14]	

VRAAG 5.2: PRENT (TEKS G)

NR.	ANTWOORD	REDE	PUNT	DENK-VLAK
5.2.1	tekkies ✓	Woordeskat.	(1)	1
5.2.2	vir ✓	Woordeskat.	(1)	1
5.2.3	lê ✓	Woordeskat.	(1)	1
5.2.4	onbeskof ✓	Woordeskat.	(1)	1
5.2.5	by ✓	Woordeskat.	(1)	1
5.2.6	Die seun gebruik 'n **kam** om sy hare te kam. ✓ Die **kam** lê op die vloer. ✓	Woordeskat.	(1)	1
			[6]	

TOTAAL AFDELING C: 40

GROOTTOTAAL: 80